
Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.



Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 2 April 1947. No. 18.

Koningsbesoek Werk Sondagsontheiliging In Die Hand

Die koning het voorverlede Sondag in Durban tennis gespeel nadat hy die oggend 'n diens in die kerk bygewoon het. In die Afrikaanse pers het hierdie optrede afkeurende kommentaar uitgelok. Daar is verklaar dat die koning se adviseurs behoort te geweet het dat sport op Sondag as ontheiliging van die Sabbat in Suid-Afrika beskou word, en dat hierdie hoë voorbeeld 'n aanmoediging vir Sondagsport sal wees.

In Engeland is dit natuurlik gewoonte om Sondae aan sport deel te neem, en die feit dat in Suid-Afrika nou so 'n koninklike voorbeeld teen die tradisies en godsdienstige opvattings van ons volk gestel is, is net 'n verdere bewys van die ongerymdheid dat 'n vreemde vors met vreemde uitkyk staatshoof van Suid-Afrika moet wees. **Niemand kan 'n volk voorgaan as hy vreemd staan teenoor daardie volk se tradisies nie.**

Inmiddels word in Kaapstad voorbereidsels getref om die koning op Sondag, 20 April, in die strate 'n openbare verwelkoming te gee veral met die medewerking van kinders. Die stadsraad wil groot getalle kinders aanmoedig om die Sondagoggend in die strate te kom skreeu vir die koning.

Hierteen is ernstige beswaar gemaak deur die Gesamentlike Kommissie vir Sosiale Euwels in die Skiereiland, wat verklaar dat dit kinders van die kerk sal weghou, die Christelike gevoel sal skok en ontheiliging van die Sabbat in die hand werk. **'n Beroep is gedoen op lidmate van die kerke om hul kinders nie aan die betoging te laat deelneem nie.**

SIMBOLIES

Net nadat die koninklike gesin Ermelo ver'ede week verlaat het, het 'n geweldige donderstorm die dorp getref en die weerlig het verskeie kere neergeslaan en skade aangerig. Onder meer is ook die toring van die stadshuis getref sodat die horlosie gaan staan het. 'n Paar oomblikke voordat die weerlig die toring getref het, het die Britse koning en sy gevolg reg onder die toring gestaan.

Onwaar

Mnr. Gordon Tomlinson, Vredefort, skryf as volg:

Met die koninklike besoek op Kroonstad het die S.A.U.K. uitgesaai dat ek en my eggenote onder diegene was wat die koning verwelkom het. Ek glo nie dat hierdie berig opsetlik gedoen is nie, heel moontlik is die pers met 'n verouderde burgemeesterslys voorsien.

Hoe dit ook al sy was ek en mev. Tomlinson alte seker nie op gemelde funksie teenwoordig nie. Ons het die S.A.U.K. gevra om die fout te verbeter, maar tot hede het hulle die swye bewaar; moontlik beskou hulle dat ons 'n eer aangedoen is! Ons nie.

WOLMARANSSTAD OPENBAAR GEVAARTEKENS

Nog Onvoldoende Geesdrif Vir Afrikanersege

'n Mooi prestasie, maar alles is nog nie pluis nie, is die samevattende gevolgtrekking waartoe geraak word by ontleding van die verkiesingsuitslag in Wolmaransstad waar adv. E. G. Jansen verlede Woensdag 'n oorweldigende meerderheid behaal het oor die Verenigde Party-kandidaat, mnr. J. D. M. Prinsloo. Eersgenoemde het 3,687 stemme gekry teenoor 1,806 van sy teenstander — 'n meerderheid van 1,881.

Die uitslag kan sonder twyfel beskou word as 'n vrug van die ooreenkoms tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty, waarvan die aankondiging net betyds was om die golf van geesdrif onder nasionaalgesindes te laat opstu, met die verpletterende resultaat. Volgens berig het ook O.B.-lede aan die verkiesing deelgeneem, wat in die lig van die goeie nuus van 'n ooreenkoms en die gematigheid van die kandidaat heeltemal verstaanbaar is. Die uitslag is dan ook deur die hele nasionale volk met blydskap ontvang. Een feit staan bo alles en dit is dat die Smutsbewind 538 stemme minder gekry het as vier jaar gelede — 'n uiters bemoedigende teken.

GEVAARTEKENS

Ontleding van die syfers toon egter dat die aangekondigde ooreenkoms tussen die twee opposisiepartye, hoewel betekenisvol, nog nie die volledige slaankrag van die nasionale volk kan mobiliseer nie. In 1943 het daar 'n onafhanklike kandidaat in die persoon van adv. J. D. Jerling, voormalige gebiedsleier van die Ossewabrandwag, in die kiesafdeling as derde kandidaat gestaan. Hy het 870 stemme getrek en die H.N.P.-kandidaat, wyle genl. Kemp, 2,848 teenoor 2,344 van die Verenigde Party-kandidaat. **Die totale opposisiestemkrag was vier jaar gelede dus 3,718 vergeleke met 3,683 nou, wat beteken dat daar in werklikheid 'n agteruitgang van 31 in die opposisiestemkrag in daardie kiesafdeling was.**

569 BLY WEG

Tesame met die 538 stemme wat die Verenigde Party minder gekry het, beteken dit dus dat daar altesame 569 kiesers in Wolmaransstad nou minder gestem het as vier jaar gelede.

As aangeneem word dat adv. Jerling se ondersteuners hierdie keer almal vir adv. Jansen gestem het, dui dit daarop dat die H.N.P.-kandidaat feitlik geen afvallige Sap-stemme getrek het nie, maar dat die Smuts-ondersteuners eenvoudig buite stemming gebly het. **Of daar moet aangeneem word dat die ontevrede Sappe wel vir die H.N.P.-kandidaat gestem het en dat by 'n 600 Nasionale kiesers wat in 1943 hul stemme op 'n onafhanklike kandidaat teen genl. Smuts uitgebring het, hierdie keer buite stemming gebly het. En al het hierdie kiesers nie groepsgewys weggebly nie, bewys dit in elk geval dat die H.N.P. met 'n besonder sterk kandidaat nog nie die suigkrag openbaar wat nodig is vir 'n landswye oorwinning nie.**

In 1943 het 86 persent van die kiesers van Wolmaransstad aan die verkiesing deelgeneem teenoor slegs 79 persent hierdie keer — 'n verskynsel wat in stryd is met die ervaring dat in tussenverkiesings, met die groter konsentrasie van organisasiekragte, altyd 'n groter persentasie stemme gemonster kan word as in 'n algemene verkiesing. Die Burger verwys dan ook na die moeilikheid wat in Wolmaransstad ondervind is om die „verkiesingsorganisasie in die hoogste versnelling te kry".


VERSOENING NODIG

Hierdie feite openbaar dus dat die aankondiging van 'n ooreenkoms tussen dr. Malan en mnr. Havenga, hoewel 'n groot stap vooruit, nog nie voldoende was om daardie nodige selfvertroue en geesdrif by die Afrikanervolk te laat opvlam wat nodig is vir 'n oorwinning by 'n algemene verkiesing nie. Daar sal ook toenadering moet kom tussen alle nasionaalgesinde groepe.

Hierby moet in aanmerking geneem word dat die wanhoop oor die broedertwis in die stede veel ernstiger is as op die platteland waar daar darem nog op een of ander manier 'n saamhorigheidsgevoel bestaan.

Die uitslae van die onlangse munisipale verkiesings aan die Rand het duidelik geïllustreer wat 'n verskil daar bestaan het tussen kiesafdelings waar alle Afrikaners saamgewerk het en dié waar die O.B. uitgesluit was. En dit sal die stedelike kiesafdelings wees wat die deurslag gaan gee in 'n algemene verkiesing!

HULDE AAN HOM



Dit is môre een-en-tagtig jaar gelede dat James Barry Munnik Hertzog die eerste lewenslig aanskou het. Gebore te midde van die stryd van die wordende Afrikanerdom het hy sy spore blywend gelaat op die ontwikkeling van ons volk. Nie alleen het hy die volk deur die krisisjare gelei nie, maar hy het ook skeppend ingewerk op die toekomsvorming van die Boerenasie en die fondament gelê waarop republikanisme in Suid-Afrika sal voortbou. Met sy dood in November 1942 het 'n groot leier van die Afrikanerdom ons ontval. Langs hierdie weg ons nederige hulde aan ons ontslape leier en diepe dankbaarheid vir wat hy ons nagelaat het.

Kommuniste In Staatsdiens Uitgeskop

Pres Truman het die ontslag van alle „ontroue" amptenare in die staatsdiens van die V.S.A. gelas, en ook drastiese maatreëls aangekondig om te verhoed dat revolusionêre persone tot die staatsdiens toetree. Die stap is gedoen na aanleiding van die verslag oor die bedrywighede van kommunistiese elemente in die staatsdiens van die V.S.A.

KOERANT-REAKSIES OP SAMEWERKING

Die aankondiging van die ooreenkoms tussen die Afrikanerparty en die H.N.P. het uiteenlopende reaksies in die openbare pers gehad. Van Engelse kant is gepoog om die gebeurtenis te kleineer en dit was interessant om te sien hoe in die Engelse pers wat kort gelede met die O.B. se „offisiere sonder manskappe" gespot het, nou skielik ontdek dat die Ossewabrandwag sterk is.

So verwys die Cape Argus na die 15,000 stemme van die Afrikanerparty by die laaste verkiesing en verklaar dat dit eintlik geen verskil vir die regeringsparty sal maak nie. **Daarenteen meen die blad dat dr. Malan 'n taktiese sukses behaal het deur dat dit sy posisie „versterk vir die bereiking van 'n verstandhouding met die veel talryker volgelinge van dr. Van Rensburg."**

Die Transvaler, H.N.P.-orgaan in Transvaal, verwelkom die ooreenkoms as 'n bewys dat die skeidslyne tussen die twee partye begin wegval, maar beklemtoon die feit dat die O.B. en Nuwe Orde van die samewerking uitgesluit is. **„Daar is net een moontlikheid," aldus die blad, „dit is dat die O.B. en N.O. hierdie feit moet aanvaar en ontbind. Hulle lede kan dan in ander verband ten volle aan die volkstryd op politieke gebied deelneem. Sonder verwyt of wrok daaroor, en sonder om in besonderhede te sê waarom, word nl. aangeneem dat hulle dan maklik lede van die Afrikanerparty kan word, eerder as van die H.N.P."**

AANVALLE

Ook Die Kruithoring, amptelike orgaan van die H.N.P., beklemtoon die uitsluiting van die Ossewabrandwag, en bevat daarbenewens 'n paar briewe met bittere aanvalle op die Beweging. Die een brief, onderteken deur Gideon Burger, Beaufort-Wes, lui in sy slot paragraaf as volg: „Die swart hand van Rhodes is daarin sigbaar. Smuts is een van sy erfgename, en die Joodse beleid wat die K.G. van die O.B. volg, verwek dieselfde gedagte. Daarom het hy sy opleiding in Engels en Duits gehad."

Die ander brief, onderteken deur Louis L. S. J. Kruger, Potgietersrust, word met die volgende sinne ingelui: „Hier by ons is nog net een O.B.-offisier oor om die heengaan van maarskalk Smuts se Hanslam Handyman No. 2 te betreur. Ons gun dr. Hansie dit, want hy het mos in Pretoria gesê dat die O.B.'s gekom het om te bly. Ja, te bly om die maarskalk se vermoeide siel te verkwik. Hulle glo mos nie in 'n Nasionale kruisie nie, maar net in die Empire, Indiërs en Kommuniste se kruisie...."

GROTER SAMEWERKING

Die Vaderland spreek hom hoopvol uit oor die kanse op oorwinning met so 'n saamsnoering van kragte en waarsku teen enigiets wat die natuurlike proses van aaneengroeiing mag stuit en onnodige wonde veroorsaak. Die blad sluit af met die volgende woorde:

„As die medewerking van die Ossewabrandwag en Nuwe Orde gevind kan word — en ons twyfel nie daaraan nie — sal die Afrikaner, weer bewus van sy krag, die volgende verkiesing hoopvol tegemoet sien. Laat ons groot wees in die uur van groot dinge!"

'n Teleurstellende verskynsel in verband met die hele aangeleentheid is dat die H.N.P.-pers met uitsondering van Die Volksblad, geen verslag geplaas het van dr. Van Rensburg se welwillende toespraak op Stellenbosch.

Die Cape Argus vind hierdie verswyging so vreemd dat hy spesiaal in 'n berig daarna verwys. Onder die opskrif „Nasionaliste en die O.B." skryf die blad:

„Die Kaapstadse orgaan van die Herenigde Nasionale Party maak vandag geen melding van die toespraak wat dr. Van Rensburg, leier van die Ossewabrandwag Saterdagaand op Stellenbosch gehou het nie, toe dr. Van Rensburg gesê het dat hy hoop die H.N.P. en die Ossewabrandwag sal ook saamwerk. Dr. Van Rensburg het op Stellenbosch gesê dat die Ossewabrandwag, en hy in besonder, dankbaar is dat dr. Malan en mnr. Havenga tot 'n ooreenkoms geraak het," aldus die Cape Argus.

Onder die opskrif „O.B.-leier nie Gerapporteer— Eenheidskip in Onstuimige Waters" maak die Natal Witness 'n voorbladberig van die feit dat Die Burger geen woord van dr. Van Rensburg se toespraak geplaas het nie. Hy beskou dit as 'n aanduiding dat daar leiers van die H.N.P. is wat niks met die O.B. te doen wil hê nie.

SY ARM KOS HOM BOETE: Omdat hy met sy arm deur die venster 'n motor in die Paarl bestuur het, is Johannes Roussouw verlede week in die magistraatshof te Paarl met £1 beboet. Hy is skuldig bevind kragtens die Motorvoertuigordonnansie.

Hierdie strenge optrede teen motoriste wat hulle nie by die verkeersregulasies hou nie, is deel van die veldtog om groter padveiligheid.

PERSSTRYD 5 JAAR GELEDE GESTAAK

Teleurstelling Oor Weiering

Die eerste golf van geesdrif oor die toenadering tussen mnr. Havenga en dr. Malan is aansienlik gedemp toe lede van die Ossewabrandwag sowel as die publiek moes bemerk dat Die Burger geen verslag geplaas het van die belangrike toespraak van dr. Van Rensburg op Stellenbosch, waarin hy namens die Ossewabrandwag die ooreenkoms verwelkom het as 'n stap in die rigting van volkseenheid nie.

Almal het verwag dat daar 'n nuwe tydperk van nasionale samewerking aangebreek het en dat ook die H.N.P.-leiding deur sy pers die goeie gesindheid van die Ossewabrandwag ter versterking van die geesdrif bekend sou laat word het.

Ons verneem dat hierdie teleurstelling ook deur sommige volksraadslede van die H.N.P. gedeel is, en dat een van hulle by die redaksie van Die Burger navraag gedoen het waarom daar geen verslag verskyn het nie. Hom is toe meegedeel dat die Ossewabrandwag eers sy „boikotbevel" teen die Nasionale Pers moet terugtrek.

As dit die enigste rede is waarom daar geen publisiteit aan die K.G. se welwillendheid gegee is nie, dan behoort hierdie beswaar in die toekoms weg te val, aangesien daar geen grond voor bestaan nie.

DIE FEITE

Die feite is naamlik eerstens dat daar nooit enige optrede teen die Nasionale Pers deur die sentrale gesag van die Ossewabrandwag versoek is nie en dat geen „boikotbevel" deur die Kaaplandse gesag uitgereik is nie — **die enigste provinsie waarin die kwessie ter sprake gekom het.** Wat wel gebeur het, is dat die offisiere van die Kaaplandse Beheerraad op 22 Januarie 1942 die Nasionale Pers versoek het om die onware en onwaardige propaganda te staak en hom tot beginselverskille te beperk, so nie, sal „die offisiere sonder bevel van Hoofkwartier alle O.B.-lede versoek om hul ondersteuning.... te onttrek." (Die O.B., 4 Feb. 1942).

GESTAAK

Op 1 Julie 1942 is deur middel van die amptelike orgaan van die Ossewabrandwag aangekondig dat die stryd teen die pers gestaak is „om sodoende die direksie (van die Nas. Pers) se houding teenoor die volk duideliker te laat afsteek by dié van die O.B.-leiding" (Die O.B., 1 Julie).

Die waarheid is dus dat die stryd—waarby geen sprake van 'n bevel was nie — reeds op 1 Julie 1942 as gestaak aangekondig is.

Daar steek dus geen sin in om te eis dat die O.B.-leiding 'n bevel moet terugtrek wat hy nooit gegee het nie en 'n stryd moet „beëindig" waarvan die einde reeds vyf jaar gelede amptelik aangekondig is nie.

JUIS DIE OORSAAK

Miskien is dit wenslik om hierby net te beklemtoon dat in die korrespondensie wat daar in verband met die vergadering van 22 Januarie met die Nas. Persdireksie gevoer is, daar verwys is na die weiering van O.B. stukke deur die Nasionale Pers as oorsaak van die reaksie van O.B.-kant. **M.a.w. die pers het reeds voor die sogenaamde „boikot" van die O.B. die beleid van vandag gevolg om geen stukke of toesprake van O.B.-leiers te publiseer nie.**

Ons noem hierdie feite ter verduideliking van die posisie in die hoop dat daar 'n beter verstandhouding mag ontwikkel. Dit dien andersins geen doel om ou koeie uit die sloot te graaf nie, en daarom is dit jammer dat die vriendelike woorde van mnr. Havenga en dr. Malan, naamlik dat die verlede vergeet moet word, nie deur 'n deel van die pers in die praktyk bevestig word nie deur, waar die K.G. hom bereid verklaar het om die verlede te begrawe, sy toespraak geweier word op grond van 'n stryd wat vyf jaar gelede plaasgevind en reeds geëindig het.

Dankbaarheid Vir Hulp Aan Duitsers

Diepe dankbaarheid oor die ontvangs van voedsel en klere-pakkies uit Suid-Afrika spreek uit briewe wat die Kaaplandse Noodlenigingskomitee uit Duitsland ontvang het. Die feit dat daar in hierdie wêreld nog mense is wat aan die Duitse volk in hul hongersnood dink, is 'n soete druppel in die beker van die Duitsers in die uur van hul vernedering.

Al die briewe spreek van die nood wat besig is om nuwe hoogtes te bereik, van die honger en koue wat hul lewens bedreig, maar elke brief maak ook melding van die dankbaarheid waarmee die voedsel en klere ontvang word.

ERKENTLIKHEID

„Ek kan u nie vertel hoe diep ons getref is deur die feit dat u volk aan ons dink nie. Dit is meer as wat ek kon geglo het na die wrede oorlog", skryf 'n onderwyseres. „Ek was van mening dat die hele wêreld ons haat behalwe miskien 'n paar persoonlike vriende. Dit is moeilik om te vertel wat dit werklik vir ons beteken. In die maande na die oorlog is elke dag aan ons meegedeel hoe die wêreld ons haat." Verskeie ander briewe met soortgelyke inhoud, is ook ontvang.

Met watter sensasie die ontvangs van pakkies uit Suid-Afrika gepaard gaan, blyk uit die volgende voorval. Terwyl die vader van 'n gesin in 'n hofgeding betrokke was, het die gesin 'n pakkie met voedsel en klere uit Suid-Afrika ontvang. Die feit dat daar nou weer iets te ete was, was vir die seuntjie van die gesin sulke groot nuus dat hy die hofsaal binne gestorm en sy vader versoek het om dadelik huistoe te kom want „daar het 'n pakkie uit Suid-Afrika aangekom."

In briewe wat die plaaslike Kwakers ontvang het, word vertel hoe honderde persone uit Oos-Afrika gedeporteer is, in die treine verkluim en van honger gesterf het.

NUWE IDEE

D.A.H.A. is van voorneme om binnekort 'n offisiële pakketdiens na Duitsland te open. Die idee is om klere en voedsel teen groothandelpryse aan te koop en dan skenkers wat bereid is om vir die opgemaakte pakkies te betaal, te vind.

'n ander metode van hulpverlening is om 'n peetkind in Duitsland aan te neem aan wie weekliks 'n pakkie gestuur kan word met persoonlike kontak tussen peetkind en peetouer.

Volle besonderhede is verkrygbaar van D.A.H.A., Hoopstraat 105A, Kaapstad.

Met die oog op die bittere nood doen die Kaaplandse Komitee vir Noodleniging opnuut 'n beroep op goedgesinde persone om klere en geld vir versending na Duitsland aan die komitee te stuur. Die adres is: P/a. Hoopstraat 105A, Kaapstad.

Onkoste Van Koning Se Besoek

Meer besonderhede oor hoe die £49,650 wat deur die regering vir die ontvang van die Britse koning gestem is, bestee word is verlede week deur die Minister van Finansies in die volksraad gegee. Dit sluit nie alle kostes in nie, daar die grootste deel deur die verskillende staatsdepartemente en plaaslike liggame gedra word.

Die Minister het verklaar dat 'n baie groot bedrag — hy weet nie presies nie — in verband met die koninklike trein en die loodstrein staan. Die verversings en maaltye is hierby ingesluit.

Onder andere is £15,000 bestee aan die onthaal van die koning op die staatsbanket en tuinparty in Kaapstad en ander geleenthede waar die Britse koning onthaal is.

Op vuurwerke het die regering sowat £2,000 gemors en aan die landingsveld by bultfontein en die wildreserwe is £1,000 bestee.

In die begroting vir die nuwe diensjaar word verdere £10,000 gevra vir die ontvangs van die koning terwyl die Departement van Naturelle Sake van voorneme is om £3,750 in hierdie verband te bestee.

'Kommunistiese Party Is Vyfde Kolonne'

„Die Amerikaanse Kommunistiese Party stel hom ten doel om die regering omver te werp. Die Kommunistiese Party is 'n vyfde kolonne wat sonder twyfel sy hoogste trou aan Rusland verskuldig is," aldus Edgar Hoover, hoof van die Amerikaanse Federale Buro van Ondersoek na on-Amerikaanse bedrywighede.

Hy het die wenslikheid om die party in die ban te doen betwyfel omdat hulle die geleentheid sal uitbuit om martelare van hulself te maak.

Volgens persberigte is die Amerikaanse volksgemoedere tot 'n hoogtepunt opgedryf teen die kommuniste en Rusland. *Daar is o.a. verklaar dat hierdie gevoel net so skerp is as toe die Amerikaanse haat vir Duitsland op sy hoogste tydens die oorlog was.*

GENERAALSKAP F11

DIE K.G., DR. J. F. J. VAN RENSBURG

HOU 'N VERGADERING TE

NELSPRUIT

IN DIE LANDBOUSAAL

op Donderdag, 17 April

OM 8-UUR N.M.

Alle Brandwagte gaan teenwoordig wees.

Alle Belangsfellendes Welkom.

Joodse Propaganda Teen Engelse Selfde As Teen Hitler

Die ondersteuning wat Brittanje aan die Joodse vooroorlogse propaganda teen Duitsland verleen het, is vinnig besig om op sy eie kop terug te kom deurdat Joodse propagandiste in Amerika met 'n intensiewe veldtog daarin geslaag het om die Amerikaanse openbare mening so teen Engeland op te sweep na aanleiding van die behandeling wat die Jode in Palestina geniet, dat die Amerikaanse publiek tans glo dat Engeland Joodse kinders met warm ysters brandmerk.

Aan die hoof van hierdie propaganda-veldtog is 'n Ukrainse Jood, Bergson, wat vermoedelik skakel met die Joodse terroristiese organisasie in Palestina. In feitlik alle Amerikaanse koerante verskyn daar groot anti-Britse advertensies, elk met 'n storie oor die wrede behandeling wat die Engelse op hul slagoffers toepas.

Een advertensie bevat 'n saamgeflanste foto van 'n kind op wie se rug die letters „D.P." gebrand is, met die insinuasie dat die Britte hiervoor verantwoordelik is. Die Amerikaanse publiek glo reeds dat die Britte vir hierdie wreedheid verantwoordelik is en vra mekaar af of die Britte nou dieselfde metodes toepas as wat hulle voorheen omtrent Hitler meegedeel is.

Kommuniste Erken Moord Op Mussolini

Die Kommunistiese Party in Italië het nou vir die eerste keer rondborstig erken dat hy verantwoordelik is vir die moord op Mussolini. Die moordenaar is die kommunis Walter Audisio. Hy het die skoot afgevuur wat verantwoordelik was vir die dood van die Italiaanse leier.

Daar is aangekondig dat die moordenaar met die hoogste militêre orde vereer sal word.

ONDERSOEK GEVRA

Intussen het die welbekende anti-Fascistiese advokaat Vittorio Ambrosino in 'n hofbevel geëis dat die sekretaris en onderleier van die Kommunistiese Party tydens die moord op Mussolini en oud-premier Parri saam met twee ander manne voor die hof gebring moet word sodat die skande wat op Italië rus weens hierdie moord uit die weg geruim kan word. **Hy het verklaar dat die Italiaanse volk vandag in die oë van die wêreld gebrandmerk staan as 'n barbaarse volk wat hul leier en sy luitenante vermoor het en hulle skuldig gemaak het aan gruwelike wandade.**

ROOF

Die vermoede word uitgespreek dat die kommuniste drie miljoen lire in goud van Mussolini gesteel het en dit vir hul eie voordeel aangewend het. Ambrosino eis ook dat die diefstal, wat hy beskryf as 'n misdaad teen die Italiaanse volk, ondersoek word sodat die skuldiges vir hul dade kan boet.


Die hof is besig om die versoek te oorweeg hoewel getwyfel word of daar ooit gehoor aan gegee sal word. Die feit dat die advokaat bekend is as 'n anti-fascis, word as uiters betekenisvol beskou.

Boikot Knyp Seer

Die wyse waarop die blankes die boikot teen die Indiërs loots, is so suksesvol dat die Indiërs reeds begin om op hul eie spore terug te gaan. 'n Vergadering van Indiërs op Standerton het besluit om by die Indiese regering aan te dring dat die boikot wat hulle teen die Unie ten opsigte van goiingsakke voer, in hersiening geneem moet word.

Daar is ook besluit dat die Indiërs in Suid-Afrika met die blankes moet saamwerk om eensgesindheid te kry.

Middel Word Ramp



Namate die wêreldvraag na Britse steenkool in die vooroorlogse tydperk gedaal het, het Engeland te doen gekry met 'n ontwrigting in Suid-Wallis, die nywerheidsentrum van Groot-Brittanje. Ten einde hierdie vraagstuk op te los het die Britse regering allerlei ligte nywerhede hier begin oprig vir sy oud-mynwerkers soos op die foto te sien is. Die produksie in steenkool het in die oorlogsjare en daarna egter so gedaal dat dit in die begin van hierdie jaar 'n ramp afgegee het.

(Sien berigte op bladsy 8)

VERGADERING Van Werkers OP ROODEPOORT

Die jaarlikse werkersvergadering wat in die verlede altyd in die Johannesburgse stadsaal gehou is, maar wat deur die optrede van die stadsraad verlede jaar nie daar kon plaasvind nie omdat die huur van die stadsaal gekanselleer is nadat dit reeds aan die O.B. toegesê was, vind vanjaar in die stadsaal te Roodepoort plaas.

Hierdie Meidagvergadering word gehou op 1 Mei onder die voorsitterskap van dr. P. J. Meyer. Waggenl. Hein Richter sal in bevel van die verrigtinge wees.

Die reëlings vir die vergadering is reeds in orde, en 'n massa-opkoms word verwag. Die Randse blaasorkes sal ook optree. Die verrigtings sal verder opgeluister word deur 'n koor onder leiding van genl. Hartman.

'n Spesiale afdeling wagte sal by die verrigtings optree.

Unie Gaan Meer Bytsoda Maak

Suid-Afrika wend tans pogings aan om plaaslike vervaardiging van bytsoda te vermeerder en ook om meer van die buiteland af in te voer, volgens 'n amptelike mededeling.

Op die oomblik vervaardig die Unie maar 'n baie klein persentasie van sy normale verbruik en word die grootste hoeveelheid van oorsee ingevoer. Bytsoda is hoofsaaklik van Brittanje ingevoer, maar as gevolg van die steenkooltekort aldaar het die produksie van bytsoda baie afgeneem. Ook in die Verenigde State van Amerika heers 'n tekort aan seepsoda.


Fabrieke Gaan Vir Engeland Produseer

Duitse wolfabrieke sal binne kort begin om Suid-Afrikaanse wol vir die Britse wolnywerheid te verwerk. Hierdie besluit is goedgekeur deur die Britse woltekstielnyweraars wat in Bradford vergader het. Voorlopig geld die reëling tot in 1948. Op die oomblik produseer die Duitse fabrieke nog feitlik niks en is klere nie te koop nie. Daar is verklaar dat indien die fabrieke begin werk 'n deel van die produksie Engeland sal toekom.

Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017



Gryshare: Antigrys

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.


Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg - MAITLAND

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

„HUISE" . . .



ALBEI IS „HUISE"—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie"—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis"—en te dikwels vir maar 'n dééltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik genoeg* assuransie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal wees

deur

SANLAM nog 'n SANLAM-Polis!

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MAATSKAPPY
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-1

„DIE O.B.," WOENSDAG, 2 APRIL 1947

Samewerking en O.B.

Wat gaan die Ossewabrandwag se plek wees in die kombinasie van Afrikanerkragte vir die aanstaande verkiesing? Hierdie vraag is na die onlangse ontwikkelings in die rigting van samewerking op die lippe van alle O.B.-lede. Die eerste reaksie van meeste O.B.-lede op die aankondiging was een van hoopvolle verwagting en verwelkoming van die samekoms van die twee opposisie-partye as 'n eerste stap na algemene samewerking tussen nasionaalgesindes. Daar was egter 'n sterk gevoel van teleurstelling toe dit die volgende dae uit die houding van die pers geblyk het dat die H.N.P.-leiding nog nie bereid is om die verlede te begrawe sover dit die Ossewabrandwag betref nie. Die K.G. het op Stellenbosch egter verduidelik dat daar eers 'n begin gemaak moet word waarop verdere stappe later kan volg. Daarvoor is natuurlik geduld nodig. Intussen mag dit sy nut hê om die noodsaaklikheid van samewerking met die Ossewabrandwag te beklemtoon asook om die besware wat daarteen geopper word, uit die weg te probeer ruim.

Ons het reeds in 'n vorige uitgawe beklemtoon dat wat nodig is vir 'n nasionale oorwinning in die eerste plaas 'n vloedgolf van geesdrif en selfvertroue is — **iets wat nie kan geskied solank twee sterk Afrikanergroepe soos die O.B. en H.N.P. in 'n staat van vyandskap met mekaar verkeer nie.** By geen O.B.-lid kan enige geesdrif vir 'n verkiesing opgewek word indien hy vir 'n kandidaat moet stem wat hom vir 'n vyand hou nie. Dit is eenvoudig menslik. **En solank daar geen vrede tussen die H.N.P. en O.B. gesluit word nie, sal die grootste deel van die volk ook geen geesdrif en nog minder selfvertroue vir 'n oorwinning kan ontwikkel nie.**

Dat ons siening hier juis is, blyk uit 'n brief van 'n leser aan Die Burger waarin hy blydskap uitspreek oor die samekoms van dr. Malan en mnr. Havenga, en dan o.m. verklaar:

> „Ek wil net hier sê dat ek sedert die noodlottige skeuring feitlik op die draad gesit het, want ek het nie my weg oopgesien om my broers te beveg nie."

Daar is tienduisende sulke Afrikaners wat hul rug eenvoudig op die politiek gedraai het uit afsku vir die sinlose broedertwis en uit wanhoop op die toekoms. Hierdie wanhoop sal nie verdwyn solank die vyandskap teen die Ossewabrandwag bly voortbestaan nie.

KRAGTIGE BONDGENOOT

Afgesien van die vloedgolf van geesdrif, wat miskien weer die hoogtes van 1938 kan bereik indien 'n vredesluiting tussen dr. Malan en dr. Van Rensburg ook aangekondig word, sal daadwerklike samewerking van die O.B. in 'n verkiesing 'n magtige faktor bybring. **Die Ossewabrandwag se geweldige organisasievermoë het reeds in die verlede geblyk toe die tussenverkiesing in Winburg in Januarie 1941 deur die O.B.-organisasie gevoer is en die Nasionale Party daar die grootste oorwinning in sy geskiedenis van die kiesafdeling behaal het.** Maar dit het ook geblyk uit sy Noodhulpfonds van £100,000 wat hy tydens die oorlog sonder bystand van buite ingesamel het ten behoewe van vervolgde Afrikaners. **Dit het ook geblyk uit sy versterking van politieke gevangenes wat so lank as ses jaar uit die kloue van die Empire-tronke gehou is ten spyte van die beste speurdiens wat die Regering kon saamstel en ten spyte van 'n leërskare kakieridders wie se taak dit was om geheime spioenasie op Afrikaners toe te pas. Die Ossewabrandwag se organisasievermoë het albei hierdie magte van die staat geklop, en die politieke gevangenes het hulle onlangs na voorafgaande onderhandeling aan die staat vrywillig uitgelewer.**

Niemand sal waag om te ontken dat so 'n organisasiekrag van deurslaggewende betekenis kan wees in 'n verkiesing waarin niks minder as die voortbestaan van die volk op die spel gewerp is nie.

Wat is die prys wat vir hierdie krag betaal moet word? Luidens herhaalde versekerings van die O.B.-leiding is dit niks meer as 'n blote vriendskapserkenning nie. **Die O.B. eis vir sy hulp geen setels en geen seggenskap nie. Hy vra net dat die vyandskap teen hom gestaak en dat hy as 'n vriend in die stryd verwelkom moet word, soos mnr. Havenga tewens reeds gedoen het.**

Geen Beswaar

In verband met die vraagstuk van erkenning van die Ossewabrandwag as 'n strydgenoot teen die Empire-bewind deur die H.N.P.-leiding, het Die Transvaler en Kruithoring as beswaar daarteen geopper dat die Ossewabrandwag die partye wil vernietig en daarom uitgesluit moet word van 'n vriendskapsverdrag tussen Afrikanergroepe. Ons wil hierdie beswaar weerlê deur eenvoudig te verklaar dat die H.N.P.-leiding beslis minder beswaard op hierdie punt kan voel as mnr. Havenga wat reeds so **'n vriendskapsverhouding aangeneem het.**

Die O.B. se stryd gaan teen die Britse parlementêre stelsel, en van hierdie stelsel het die Federale Raad van die H.N.P. op 10 April 1941 as volg verklaar:

„Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit, uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees." (Die Republikeinse Orde, uitgegee deur die Federale Raad, bl. 4).

(Vervolg in voet volgende kolom)

Die O.B. beoog hervorming op Afrikaanse lees van hierdie mislukte Britse stelsel. **Maar daarby besef die Ossewabrandwag dat daardie hervorming in elk geval nooit sal kan plaasvind indien die Smuts-bewind toegelaat word om in die volgende ses jaar honderdduisende Britse immigrante na Suid-Afrika te bring wat daardie stelsel gaan handhaaf nie — net soos dr. Malan se party in elk geval ook vernietig sal word indien genl. Smuts se immigrasieskema deurgevoer word.** Die Cape Times het immers 'n paar weke gelede verklaar:

> „Nasionalisme se ware beswaar (teen immigrasie) is duidelik gefundeer in die vrees dat 'n groot instroming van nuwelinge hom sal oorweldig en uiteindelik as politieke party sal vernietig."

Waar die gevaar dus bestaan dat die hele volk vernietig gaan word tesame met die H.N.P. en die O.B., daar stel ons voor dat daar eers laergetrek moet word tussen die bedreigdes sodat hierdie gemeenskaplike vyand eers die hoof gebied kan word. Daarna kan ons weer gesels of stry oor die vraagstuk van hervorming. Maar ons glo dat uit so 'n bondgenootskap in elk geval groter begrip vir mekaar sal groei en dat dit sal uitmond in 'n groter eenheid waarin niemand van die saamwerkendes, juis „vernietig" word nie, net so min as wat òf mnr. Havenga òf dr. Malan „vernietig" sou word indien hulle later hul afsonderlike identiteit in 'n groter en gemeenskaplike organisasie sou oplos.

WONDERLIKE UITVINDINGS VAN DUITSERS

Duitse wetenskaplikes het daarin geslaag om 'n instrument uit te vind waarmee hulle in staat was om in algehele duisternis voorwerpe wat 200 tree van hulle verwyder is, so duidelik soos in daglig te onderskei. Hierdie is maar een van die duisende revolusionêre uitvindings van die Duitsers wat in die hande van die Amerikaners geval het. Die Duitse wonder-instrument het die Amerikaners reeds in die oorlog teen Japan gebruik.

Die verhaal van die Duitse breinkrag wat uitvindings moontlik gemaak het waarvan beroemde wetenskaplikes maar net in hulle wildste drome kon droom, word nou broksgewys deur die Amerikaanse en Britse inligtingsdiens vertel.

In Amerika is amptenare besig om sowat 50 ton inligting wat hulle in Duitsland geraap en geskraap het, te ondersoek en te klassifiseer. Dit sluit geheime militêre wapens, tegniese en industriële uitvindings in. In Amerika is verklaar dat meer as miljoen verskillende items geklassifiseer moet word.

Op die hakke van die invals leër het opgeleide afdelings gevolg wat spesiaal met die taak belas was om geheime uitvindsels en dokumente in te samel.

In 'n artikel wat in 'n Britse tydskrif verskyn word 'n beskrywing gegee van die „skerpskutterslens" waarmee die Duitsers in staat was om in die duisternis te sien. Duitse skerpskutters kon hul slagoffers op 'n afstand van 200 tree in die donkerste nag omkap. Tenks wat van die instrument voorsien was, kon hulle skyf twee myl ver in die donker sien. **Hierdie uitvinding is die eerste keer deur die Amerikaners teen die Japanners by Okinawa gebruik, verklaar die Britse blad.**

ANDER SE KALF

Die Amerikaanse blad, Quarterly Review, gee ook 'n beskrywing van die uitvinding en plaas 'n foto daarvan om dit te illustreer. Daarin word verklaar dat die Verenigde State nou sy sorgvuldig bewaarde geheime wapen bekend gemaak het. Die blad bevestig dat dit teen die Japanners by Okinawa gebruik is en verklaar dat dit verantwoordelik was vir dertig persent van die Japanse ongevalle binne die eerste sewe dae. Daar word egter geen melding gemaak van die feit dat hulle met die kalf van die Duitse wetenskaplikes geploeë het nie.

PROJEKTIELE

Teen die einde van die oorlog het die Duitsers 138 verskillende soorte projektiele in werking of ontwikkeling gehad. Hierin het hulle van alle denkende metodes van beheer gebruik gemaak. **Hulle V-4 was net gereed met die oorgawe en hulle het reeds begin met grootskaalse produksie daarvan.** Dit weeg 24,000 pond, trek sestig myl bokant die aarde teen 'n snelheid van 3,275 myl per uur, en het 'n trefafstand van 230 myl. Dit trek so vinnig dat dit nie gehoor kan word voordat dit ontplof nie. **Die V-9 was nog groter. Dit kon 3,000 myl ver trek teen 'n snelheid van 5,870 myl per uur.**

'n Langafstand vuurpyl-bomwerper wat veertig minute van Berlyn tot in New York sou neem, was byna voltooi. Die Amerikaners verklaar dat met 'n honderdtal sulke vliegtuie, die Duitsers enige stad ter wêreld binne 'n paar dae in puin kon gelê het.

NYWERHEDE

Verskeie ontdekkings wat die spinnywerheid geweldig baat, is ook beslag op gelê, b.v. kouse wat nie lere trek nie. Die grootste aantal uitvindings kom egter uit die I. G. Farbenfabrieke wat formules vir sintetiese rubber, medisyne en chemiese preparate metaalprodukte en plastiese stowwe insluit. **Onder meer sluit dit 50,000 verskillende kleurstowwe in waarvan die Amerikaners nie die vaagste benul gehad het nie,** en wat baie beter is as wat ooit in Amerika gebruik is.

Die Duitsers het ook die pasteurisasie van melk deur middel van ultra violetstrale moontlik gemaak. Voorheen het alle pogings misluk. Hulle het ook nuwe metodes ontwerp om voedsel maandelank vars te hou waarmee hulle hul duikbote voorsien het. 'n Sny brood het agt maande lank goed gebly.

'n Amerikaanse medikus wat die mediese uitvindsels nagegaan het, het verklaar dat baie van die uitvindsels revolusionêre veranderings op die mediese gebied teweeg sal bring.

'n Duitse uitvinding het die weg aangetoon hoe om sintetiese bloed te berei wat as noodmaatreël aan 'n pasiënt toegedien kan word, sodat hy aan die lewe kan bly tot tyd en wyl bloed beskikbaar is. Hulle het ook 'n suksesvolle middel teen hoë bloeddruk uitgevind.

Hierdie inligting wat van die Duitsers geplunder is, het Amerika tien jaar vooruit gehelp, word verklaar.

Duitse Verset Groei Aan

Die Amerikaanse hoofkwartier in Duitsland het aangekondig dat hulle die leiers van die Duitse ondergrondse beweging wat hom beywer vir verset teen die veroweraar, in hegtenis geneem het. Hulle was almal hooggeplaaste offisiere in die Duitse weermag en het behoort tot die afdeling wat in die laaste dae onder die persoonlike bevel van Hitler gestaan het.

Hierdie leiers wat reeds skakels oor die hele Duitsland opgebou het en per geheime radio met hul lede in kontak was, sal deur 'n militêre hof in München verhoor word.

Inmiddels is ook aangekondig dat 40,000 Duitsers 'n ordelike betoging in die Britse gebied by Dusseldorf gehou het as protes teen die voedseltekort. Vakbonde het ook stakings uitgeroep. As gevolg hiervan het elektrisiteits- en vervoerdienste tot stilstand gekom.

REISPROGRAM

HFKOMDT. W. R. LAUBSCHER
in Generaalskap A15.

8 APRIL	GARIES	10 v.m.
8 APRIL	WALLEKRAAL	3 n.m.
9 APRIL	SOEBATSFONTEIN	10 v.m.
9 APRIL	KAMIESKOOON	3 n.m.
10 APRIL	KOMAAN	3 n.m.
11 APRIL	SPRINGBOK	7.30 n.m.
12 APRIL	VIOOLSDRIFT	3 n.m.
14 APRIL	ONSEEPKANS	7.30 n.m.
15 APRIL	RHENOSTERKOP	3.30 n.m.
15 APRIL	PERDE EILAND	7.30 n.m.
16 APRIL	KAKAMAS	7.30 n.m.
17 APRIL	KEIMOES	7.30 n.m.
18 APRIL	KANON EILAND	7.30 n.m.
19 APRIL	UPINGTON	7.30 n.m.

Alle Vriende en Belangstellendes word Hartlik Uitgenooi Bogenoemde Vergaderings by te woon.

Skandaal Beoog Met Ou Skip

Massa Kiaathout en Staal As Kanonskyf

Die Suid-Afrikaanse oefenskip Generaal Botha — die enigste wat Suid-Afrika besit — sal oor 'n paar weke deur kanonvuur in die omgewing van Valsbaai tot sink gebring word omdat hy weens sy ouderdom nie meer geskik is om matrose mee op te lei nie.

Pogings om die skip te vervang was onsuksesvol en Suid-Afrikaanse matrose sal voortaan op die vasteland opgelei word. Hierdie krakende ou skip het gedurende die oorlog gedien om besoekende matrose onderdak te verleen en is al etlike jare nie meer vir die opleiding van matrose gebruik nie.

Die besluit om die Generaal Bota te kelder sonder om eers die waardevolle staal en ander toerusting te verwyder, wat op die oomblik geweldig skaars is, is 'n skandalige verkwisting van materiaal.

WAARDEVOL


Die hele dek van die skip is gepantser met staalplate van twee tot drie duim dik. Verder is daar honderde tonne staal aan die kant van die skip wat afgehaal en gebruik kan word.

Staal is op die oomblik so skaars dat ons nywerhede daaraan mank gaan. Onlangs het minister J. W. Mushet in die volksraad verklaar dat die staalposisie kritiek word en dat dit in die Unie 'n stremmende faktor is. *Hy het gesê dat as die toestand nie verbeter nie, die permitte aan fabrieke met die helfte verminder sal moet word.*

In Kaapstad word ou tremspore tans opgegrawe om staal aan die fabrieke te verskaf. *Dit is bekend dat Europese moondhede reeds besig is om skepe wat gedurende die oorlog tot sink gebring is, te berg terwille van die bruikbare materiaal. In Suid-Afrika gooi die regering die staal wat in sy besit is in die see.*

Benewens hierdie tonne staal is daar ook groot hoeveelhede bruikbare hout wat verwyder kan word. Die boonste dek is uitgelê met 5,000 vierkante voet kiaathout, 3 dm. dik — ook 'n onverkrygbare houtsoort vandag.

Staal In Skip



Geweldige hoeveelheid staal word gebruik vir die bou van 'n skip, soos op bostaande foto van 'n skip onder konstruksie gesien kan word. Dit gee 'n idee van die vermorsing van hierdie produk deur die regering in sy voorgenome keldering van die Louis Botha, 'n skip wat boonop met staalpantsers beslaan is.

Sloerstaking Van Vakmanne

Sowat 11,500 vakmanne van die Suid-Afrikaanse Spoorweë het verlede week met 'n sloerstaking begin. Hulle eis 'n vakansiebonus van 7½ persent.

In Kaapstad is 4,000 vakmanne by die staking betrokke terwyl vakmanne in feitlik alle stedelike gebiede aan die staking deelneem. Groot vertragings van die stedelike en uniale treindiens het dadelik gevolg op die staking.

Doeltreffende Middel Teen Egskeiding?

Die appélhof in New York het die eis om skadevergoeding van vyf onmondige kinders teen die vrou wat hul vader beweeg het om van hul moeder te skei, toegestaan. Namens die kinders het die moeder £6,000 vir elke kind geëis.

In sy uitspraak het die regter verklaar dat die gedrag en optrede van die vader die familie-eenheid van die kinders verwoes het — daardie eenheid en beskerming wat die kinders geregtig was om te geniet totdat hulle volwasse is.

Indien hierdie uitspraak navolging in ander howe geniet, het hy gesê, sal die egskeidingsyfer aansienlik verlaag word.

Nuwe Generaalskap In Transvaal

Die Kommando Hendrina E6b3 wat onder generaal Naas Prinsloo geressorteer het, ressorteer tans onder hfgeneraal Scheepers van Ermelo. *'n Nuwe generaalskap is gestig en hfkomdt. J. W. Vorster van Carolina is bevorder tot generaal vir die nuwe Afdeling.* Die kommando kon nie formeel afskeid neem van sy generaal, afdkomdt. en hfkomdt. nie; maar aan hulle wil ons die versekering gee dat die O.B.'s van hierdie kommando maar swaar afskeid neem. Ons sal altyd kan terug dink aan generaal Prinsloo se bekwame leiding en streng dissipline. Dis daardie dissipline wat ons altyd hegter aan hom laat voel het.

Hfgeneraal Scheepers en hfkomdt De Wet verdien geluk gewens te word met hfkomdt. Vorster as hulle keuse vir generaal. (*Generaal Vorster is by ons good bekend, hy dien Carolina reeds van 1941 af.* Hendrina sal 100 persent sy gewig agter hom ingooi om die O.B.-saak end-uit te dien. (Korr.).

Geneeshere se Rekenings Te Hoog

Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige- en Tandheelkundige Raad het in 'n omsendbrief sy besorgdheid uitgespreek oor die buitensporige vergoeding wat medici en tandheelkundiges vir hul dienste eis.

In die brief word verwys na die feit dat verskeie geneeshere sowel as tandheelkundiges in die afgelope maande voor die Mediese Raad moes verskyn. Dit baar ernstige besorgdheid, tot sover die omsendbrief.

Gedurende die afgelope jaar het een uit elke dertig geneeshere wat praktiseer, voor die Mediese Raad verskyn om hulle te verantwoord op aanklagte van te hoë fooie.

Ten gevolge van hierdie toename aan ondersoeke deur die Raad, het hy dit nodig geag om 'n jaarlikse heffing van £2/2/- op geneeshere te lê om die onkoste in verband met die groter aantal ondersoeke te dek.

DIE KUNS VAN DIE MEESTER . . .

Die kok se kennis bepaal die waarde van U maal . . . 'n soortgelyke deskundigheid verseker U van die waarde van Kommando-sigarette.




RONDE Kommando -SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

B.M. 2347

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton



WEES BESKERM!
BRAND-Assuransie by—
SANTAAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

U Koop Altoos Die Jongste Modelle
HOEDE
TABBERDS
JASTE, ENS.
by —
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT.
(Geregistreer kragtens die Wet op Koöp. Verenigings, 1939).

KENNISGEWING AAN LEDE INSAKE INTREKKING VAN AANDELE.

Lede wat hul wynboerdery opgegee het en wat begerig is om hul aandele kragtens die bepaling van Artikel 21 van die Statuut van die Vereniging te laat intrek (waarna die K.W.V. die nominale waarde van 10/- per aandeel aan hulle sal uitbetaal), word versoek om sonder versuim met die Hoofkantoor skriftelik daaromtrent in verbinding te tree.

Sodanige intrekking kan egter slegs deur 'n besluit van die lede op 'n algemene vergadering geskied en aangesien die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging binnekort gehou sal word, moet alle aansoeke vir intrekking van aandele tesame met die betrokke sertifikate die Hoofkantoor van die Vereniging, Posbus 528, Zuider-Paarl, voor 30 April 1947 bereik.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1¼d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1¼d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBOORTE


BUHR. — Deur die Here geskenk aan Johann en Rena Buhr (geb. Le Roux) van Hopefield, 'n welgeskape, vierde seuntjie op die 22ste Maart. Moeder wel, maar Boetie was slegs aan ons vir een dag geleen. Naas die Heer ons dank aan die dokter, verpleegster en vriende vir hulp en vertroosting. 2/4/1

VERLOWING

WESSELS—HAASBROEK. — Hiermee maak ons twee, Hannah, van Odendaalsrust, en Jan, van Hoopstad, bekend dat ons op 22 Maart verloof geraak het. 2/4/1B

PRINS—GROBBELAAR. — Mnr. en mev. Barry Grobbelaar, Sweet Home, Vryburg, maak die verlowing bekend van hul jongste dogter, Katila (Kaai), tans van Pretoria, met Felix, tans van Johannesburg, oudste seun van mev. A. F. C. Röscher, Kleinpaarl, Ventersdorp. 2/4/1B

GELUKWENSING



GIDEON KOTZE, Sentrale Gevangenis, Pretoria. — Veels geluk op jou geboortedag (7 April), Boetie, ons weet die juk is swaar, maar ons voel trots op jou. Hou moed. Ons saak is regverdig. — MOEDER, BROERS EN SUSTERS. 2/4/1A

IN MEMORIAM

DE WET. — Met tere liefde en verlange dink ons terug aan 1 April 1946, toe my dierbare eggenoot en ons papa, Hendrik, van ons weggeneem is.
'n Eensame jaar van bitter verlange is verby,
Maar sy liefde en voorbeeld sal altyd in ons harte bly.
— Sy verlangende eggenote en kinders, Vlaktefontein, Aliwal-Noord. 2/4/1B

AGENTSKAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbaade ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/Tk

BETREKKING VAKANT

BOEKHOUER-KANTOORKLERK vir takkantoor van vooruitstrewende motorbesigheid. Uitstekende vooruitsigte vir regte persoon. Moet in staat wees om volle stel boeke te hou. Meld kwalifikasies, ouderdom, vorige ondervinding, salaris verlang en vroegste datum waarop diens aanvaar kan word. Applikasies aan: ROELOU BARRY (EDMS.) BPK., Robertson. 19/3/3

BENODIG

BESTUURDER VIR BEESBOERDERY — Deeglike kennis van beeste, en beesboerdery in die TRANSVAALSE BOSVELD is noodsaaklik, aangesien die plase 8,000 morge beslaan en 1,300 beeste dra. Plaaswoning beskikbaar. Aantreklike salaris, na gelang van ondervinding. Aansoeke moet vergesel wees van getuigskrifte deur verantwoordelik persone en moet gerig wees aan MNR. M. C. OPPERMAN, Elandsdrift, P.K. MARBLE HALL, TVL. 26/3/3

JONG ONGETROUDE BLANKE SEUN van 17 tot 21 jaar, om met jakkalshonde te jag en te help met plaaswerk vanaf 1 Mei. Beginsalaris £5 per maand en vry losies. Getuigskrifte word verlang. — W. J. VILJOEN, P.K. Voorsorg, RAWSONVILLE. 2/4/2

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige prysiys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

HERHOLDT se geakklimatiseerde Vrugtebome en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar.... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Prysiyste gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

LUSERN aangebied teen markprys. Telegrafeer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — N. WIENAND, Pk. Eastpoort. 26/2/8

LUSERNSAAD. — Nuwe oes, standaard-gehalte, vry van dodder. Hunter's River tot 100 lbs., 1/6 per lb., £12-10-0 per 200 lb.-sak. Provence, 1/4 per lb., £11-15-0 per sak. Kontant met bestelling. Wêreld se beste Groente- en Blomsade. Geïllustreerde Katalogus gratis. — HERHOLDT SE SAADDEPARTEMENT, Posbus 660, Johannesburg. A/19/3/TK

TAFELAATAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars Graad I teen 16/- per 140 lb.; 4/- per 35 lb.; Graad 3 teen 10/- per 140 lb.; 2/6 per 35 lb. Varkaartappels teen 4/- per 140 lb. V.O.S. Bethlehem in nuwe sakke. Leë sakke terug. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/4/TK

UIESAAD. — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale. 12/3/TK

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige prysiys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuie, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrõe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse kliërstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede. AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

Wondermiddel Teen Hartkwaal

Kanadese wetenskaplikes het onlangs 'n opspraakwekkende ontdekking gedoen deur 'n middel uit te vind wat tot dusver daarin geslaag het om alle vorms van hartkwaal te genees.

Soos die meeste belangrike ontdekkings in die verlede, was hierdie ontdekking heeltemal toevallig. Dertig jaar gelede het 'n verloskundige, Evan Vere Shute, in Londen geïnteresseer geraak in vitamine E wat se natuurlike bron in graan te vinde is. Hy het vermoed dat dit 'n heilsame uitwerking op die bloedliggame sou hê. Toe een van sy vriende — sy enigste manlike pasiënt — oor geweldige pyne op die hart begin kla, het Shute by wyse van 'n eksperiment sy vriend koue gekonsentreerde graan-kiemolie toegedien. Nadat die pasiënt sowel as die dokter uit geld geraak het, moes hulle die behandeling staak.

VITAMINE E

Shute het hierdie proses van hom egter nie vergeet nie Verlede jaar het hy toe 'n vriend hom sy mening gevra het oor 'n tema waaroor 'n jong mediese student navorsingswerk kan doen, aanbeveel dat die student probeer vasstel wat die uitwerking van vitamine E teen bloeding is. In sy vrye tyd het die student, Floyd Skelton Shute aan die universiteit van Wes-Ontario begin om proewe op honde te doen en hy het ontdek dat wanneer hulle 'n goeie dosis vitamine E toegedien word, hulle nie meer aan bloeding ly nie.

SUKSESSE

Aangevuur deur sy sukses het hy begin om proefnemings op mense te maak. 'n Vriend, dr. Arthur Vogelsang, het 'n pasiënt onder behandeling gehad wat reeds 68 jaar oud was en wat besig was om aan hartkwaal en bloedstorting te sterf. Die dokter was bang dat sy pasiënt op die operasietafel sou sterf maar 'n week na die behandeling was die ou man uit die bed en het hy rondgestap.

'n Ander vriend van dr. Shute, 'n barbier Bicknell, was in wanhoop oor sy hartkwaal. Nadat 'n dosis aan hom toegedien is het hy na sy werk teruggekeer en was hy in staat om die drom van die orkes in die teater te bespeel. Hierna is die proewe op 100 ander pasiënte herhaal, almal met dieselfde goeie gevolge.

Hierdie wonderbaarlike sukses is gedurende Junie deur dr. Vogelsang aan 'n mediese vereniging bekend gemaak. Hy het al die eer en lof aan drs. Evan en Wilfres Shute gegee.

Groot gekonsentreerde dosisse van vitamine E word vir vier soorte hartkwaal toegedien, t.w. vir aarverkalking, verhoogde druk van die bloed, 'n hart wat ly aan reumatiese aandoenings en Korona-ontsteking. Dit herstel die hart en verwyder pyn en is nie giftig nie. Dit moet aanhoudend soos insulien geneem word en moet nie saam met ander medisyne geneem word nie.

Die Kanadese dokters glo dat vitamine E verhoed dat die selle vernietig word en dat dit die bloedtoevloei na die hartspiere vermeerder en dus aanleiding gee tot die herstel van die hartspiere. In geen enkele geval

(Vervolg in volgende kolom)

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

HUIS TE HUUR

HUIS met ses vertrekke naby twee groot damme, kwartmyl van sylyn. Afstand minder na Nasionale Pad. Goeie tuingrond onder water, ook saailande om deel te bewerk. Doen aansoek: C. J. DE JAGER, Welgevonden, ALBERTINIA. 26/3/3B

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

SWART, voorlopig hoek van Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremaker met 'n reputasie. Hou dop vir sy nuwe adres.

TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT. — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksabrug, George. 19/3/TK

MOOI UITGESOEKTE WATTELSPARRE EN -PALE. Pale 6 vt. x 3 tot 5 duim dun-end. 60/- per 100. Sparre: 4 vt. of 5 vt. x 1 tot 2 dm. dun-end, ongebars, 70/- per 100. Latte vir droog van tabak: 4 vt. x half tot een-en-'n-kart duim, 65/- per 1,000. K.M.B., V.O.S. Lothair. — P. BOTHMA, Algemene Agent, Bus 5, Lothair. 26/3/2B

MELKWINKEL-RESTAURANT met pragtige tuin, in plattelandse dorp, Transvaal, met onbeperkte toekoms. Eienaar moet hom onttrek weens gesondheidsredes. Om verdere besonderhede skryf aan: XYZ, P/a DIE O.B., Bus 28, STELLENBOSCH. 26/3/2B

HONDJIES.— Pragtige, drie maande oud, boelhondjies. Ten volle geregistreerd en van die beste bloed in die land. Tevredenheid gewaarborg of geld terug. Prys: Reuntjies £7 en tefies £6. S. J. ROOS, P.K. HAMMANSKRAAL. 26/3/2B

L'IDEAL PRONKRUG-LEEUHONDJIES, geregistreerd, uitstekende stamregister, pronke volmaak en Sinus Dernoidus-vry. Uit groot, sterk, kwaai en gesonde ouers. Reuntjies £8/8/- en tefies £5/5/-. — J. KEMP VORSTER, L'Ideal, MOTKOP, K.P. 26/3/3B

JONG DIENSBARE ROMNEY-MARSHRAMME. — Groot uitgegroei, swaar en vleisig, met goeie kwaliteit wol; die ware dubbeldoel-skaap, en uitstekend vir kruisteling om goeie kruisgeteelde ooie te kry vir vetlamproduksie. Prys £5 stuk, K.M.B. — J. KEMP VORSTER, L'Ideal, MOTKOP, K.P. 26/3/3B

SOUTHDOWNS. — Beste kwaliteit, diensbare, jong, suiwergeteelde ramme. Spekvet, baie swaar met eweredige vleis en bouformasie. Die ideale ramme vir vetlamteling. Tevredenheid gewaarborg. Prys £6 K.M.B. — J. KEMP VORSTER, L'Ideal, MOTKOP, K.P. 26/3/3B

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 50/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

BYWAS. — As enige iemand my van bywas kan voorsien, skryf aan: J. H. VAN ROOYEN, Amsterdam, Tvl. 2/4/2B

TE KOOP AANGEBIED

SOUT.— Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakke terug so gou as moontlik. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/TK8

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

VAN ONS LESERS

Die Doel

Mnr. J. Willemse, Pietersburg, skryf:

Die besoek van die Britse koning aan Suid-Afrika, is om plek te kom voorberei vir die oorplasing van die Britse Empire na Suid-Afrika. Die bewys hiervoor is alreeds gelewer met die invoer van immigrante van oorsee en die oorplaas van sy fabrieke na Suid-Afrika waarvan een in Brakpan is.

Gaan die O.B. hierdie toestand toelaat?

Buig Nie Voor Koning

Mevr. A. C. Esterhuizen, Klerksdorp, skryf:

Die uitnodiging aan die oudstryders, o.a. ook aan kapt. Henri Slegtkamp is weereens 'n bewys van die Britse handlangers se aanleg om onbeskof en beledigend te wees.

Ek wil nie graag die Britse koning se verleentheid sien as hy kapt. Slegtkamp in die oë moet kyk nie.

Ek wil my waardering uitspreek vir die antwoord wat kapt. Slegtkamp aan die uitnodigers gegee het. Net so min as wat hy sy kop voor die koning sal buig, so min sal duisende ander Afrikaners dit doen.

(Vervolg van vorige kolom)

waar die behandeling toegepas is, het dit misluk nie.

IN SUID-AFRIKA

Hierdie wondermiddel is in die afgelope maande reeds in Suid-Afrika aangewend. Hierdeur is dit moontlik dat baie hartleiers volkome sal kan herstel, hoewel geneeshere dit nog twee of drie jaar lank wil beproef. Die mening is uitgespreek dat dit 'n tyd sal neem om vas te stel of die middel op die lang duur net so doeltreffend sal wees nà die aanwending. In alle gevalle waar die middel tot dusver gebruik is, het daar onmiddellike beterskap ingetree.

Voorheen het Suid-Afrika reeds van hierdie middel ingevoer, maar dit is hoofsaaklik aangewend in gevalle van onvrugbaarheid.

Spesiale Aanbod in

DAMESHANDSAKKE

Egte leer, met leer uitgevoer. teen presies die prys wat u. wil betaal.

KOM SEKER NA

STEYNS

DIE MODEWINKEL PAROW

TOT U DIENS . .

Geldenhuys Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

Vir Die Vroue

Plig van die Ouer in die Volksbeweging

Versterk Ons Volkstoekoms

Majubafees 1947 is verby. Die vure wat dwarsdeur die land as teken van ons vryheidsideaal opgevlam het, is weer gedoof. Nadat ons weereens besieling kon put uit die verlede moet ons terugkeer na die hede en die stryd wat ons vaders begin het, voortsit, deur op ons beurt te stry en op te offer vir die Boerevolk van môre. Maar sou ons gewerk en gestry het vir 'n beter toekoms as daar nie kinders was nie? Nee, ons weet hulle is die Boerevolk van die toekoms, en wanneer ons daar nie meer is nie, sal dit hulle wees wat die Vryheidsvlam brandende sal moet hou.

Die Ossewabrandwag lewe vir die toekoms, en daarom dra sy werksaamhede veral die karakter van opvoeding — opvoeding van die man, vrou, kind en die huisgesin.

DIE KIND

Veral wat die kind betref, word hierdie opvoedingswerk by die dag meer onmisbaar. Die tydgees waaronder hy vandag opgroei dien slegs om die kind af te rokkel van sy volk, sy kerk, en sy ouerhuis. Dit word al hoe moeiliker vir die Boerekind om koers te vind en te hou in die maalstroom van vreemde invloede waarin hy verkeer, en dit maak die taak wat op die ouer rus soveel swaarder. Hoe min ouers besef dit tog nie! In plaas van al hoe meer tyd aan die versorging en opvoeding van die gesin te spandeer, word die tydjie wat daarvoor afgesonder kan word eerder ingekrimp. Ook is dit nie slegs hulle wat daarvoor te blameer is nie, want die kind se tyd word so in beslag geneem met skoolwerk en buitemuurse aktiwiteite, dat daar vir die ouer nie veel oorbly om sy stempel op die kind af te druk nie.

DIE ONDERWYS

Waar die kind vir die grootste gedeelte van sy tyd dus in die hande van die onderwyser is, neem ons aan dat hy daar die regte leiding sal kry wat hom in staat sal stel om reg te kies wanneer hy die dag die lewe moet ingaan. Met dankbaarheid kan dan ook gemeld word dat baie kinders hier koersvaste leiding ontvang wat van hul eerlike getroue toekomstige burgers sal maak. **Maar sy Boere-erfenis mag nie aan hom verduidelik en by hom ingeprent word nie — daarvoor is geen plek in ons neutrale onderwysstelsel nie. Ook in die Jeugbewegings waaraan hy mag behoort, word die republikeinse ideaal doodgeswyg, en dis veral jammer omdat die kind van nature graag georganiseerd saam met sy maats optree en die jeugbeweging dus hier van onnoembare groot waarde sou wees.**

ONS VROUEVERTAKKING

Die Vrouevertakking van ons Volksbeweging sien hierdie leemte baie goed in, en die opvoeding van Afrikaners wat besiel is met 'n nuwe nasionaal-sosiale gesindheid en lewensbeskouing, vorm dus die kern van ons werksaamhede. Die noodsaaklikheid van 'n nuwe gesinsbesef en 'n nuwe waardering van die huisgesin as kern van die volksgemeenskap word deur ons vroue-leidsters beklemtoon, en tereg ook, want om 'n lewenskragtige en gesonde bestaan vir die Afrikanerdom te verseker, moet allereers gesorg word vir 'n gesonde en selfstandige gesinslewe binne ons volksverband.

Die jeug moet dus opgevoed word met die doel voor oë om van hulle waardige toekomstige vaders en moeders van die Boerehuisgesin te maak. Dan sal die ouerhuis weer die plek word waar die kinders en jongmense gesellig kan verkeer en van jongsaf opgevoed word in en deur hulle volksverband. Dit, in kort, is ook die strewe van die Boerejeug van die Ossewabrandwag.

Die volksbeweging het terdeë kennis geneem van die noodsaaklikheid van so 'n republikeinse jeugbeweging en het daarvoor voorsiening gemaak deur die stigting van die Boerejeug. Alle reggeaarde Afrikanerouers wat nog die vryheidsideaal hoog ag, sal dus in die belang van hul kinders, alles in hulle vermoë doen om saam te werk met hierdie jeugorganisasie. Ook offisiere en brandwagte van die Ossewabrandwag, wat weet waarvoor die Boerejeug stry, sal hul bes doen om die beweging so sterk as moontlik te maak, want sodoende help hulle om hul eie opvolgers te bekwaam vir die stryd wat die jeug van vandag sal moet oorneem wanneer hul self uit die kryt moet tree.

HOE KAN ONS HELP?

„Ja, die Boerejeug is nodig," mag u sê, „maar wat kan ek nou vir hulle doen?" Daar is talle maniere waarop u die Boerejeug behulpsaam kan wees en baie min moeite van u kant kan geweldig veel beteken vir die plaaslike veldkornet(te) in die vervulling van sy/haar pligte.

Toon u belangstelling op 'n tasbare wyse deur funksies wat deur die Boerejeug gereël word te ondersteun. Woon selfs af en toe 'n weeklikse byeenkoms by en moedig skroom om u dienste aan te bied in die vorm van 'n praatjie met die jongspan of opbouende wenke aan die veldkornet(te) nie. Wanneer 'n laertrek georganiseer word, sal u hulp ook baie welkom wees, bv. met die vervoer.

Waar daar geen algemene bymekaarkomplek is nie, sal dit baie op prys gestel word as u af en toe u huis vir 'n byeenkoms oopstel. Op so 'n manier kan u ook meer persoonlik kontak maak met die kinders en hulle vertroue wen. **Dit beteken geweldig baie as hulle sien dat die groot O.B. in hulle belangstel, en so word heelhartige samewerking tussen Boerejeug en groot O.B. verkry.** Toon hierdie belangstelling ook deur erkentlikheid te betoon waar die jeug hulp verleen op vergaderings van die groot O.B.

Bestaan daar dalk nog nie in u afdeling 'n jeugvertakking nie? Dan sal u u uiterste bes doen om een gestig te kry sodat die belange van die jeug nie verwaarloos word nie. Of meen u dat die kinders net hul tyd verspeel in plaas van opbouende werk te lewer? Stel dan ondersoek in en as u vind dat dit wel die geval is, rapporteer u sienswyse deur die regte kanale.

OUERS

Die grootste hulp moet egter van ons as ouers kom. Die Boerejeug wil die jeug 'n Christelik-nasionale opvoeding gee, maar dit moet slegs aanvullend wees by wat die kind tuis geleer word. Wees hierin as ouer 'n voorbeeld, en rig u huislike lewe so in dat hulle sal verlang om eendag hul eie huise net so te mag hê. Deur gesellige binnenshuise vermaaklikhede te reël hou ons die kind van die straat af en sal hy baie meer genot daarin vind om sy vrye tyd tuis nuttig te gebruik.

Neem die kinders saam na vergaderings van die groot O.B. en laat hul aansluit by die Boerejeug. Wys dat u belangstel in hul jeugbeweging en die werksaamhede wat hulle daar aanpak. Maak dit vir hul moontlik om byeenkomste by te woon, en herinner hulle desnoods daaraan. Ook die heel kleintjies kan al voorberei word vir die dag wanneer hulle saam met boetie en sussie kan deelneem aan optogte, laertrekke, ens.

Is u kind dalk op kosskool waar die kinders nie toegelaat word om aan te sluit by die Boerejeug nie? Dan sal u persoonlik met die hoofde skakel en vir u kind verlof probeer kry. As u hierin nie suksesvol is nie, verhoed dit nog glad nie dat die kind vakansielaertrekke kan bywoon nie.

Maar dan eindig ons pligte nog nie. Ons moet ook probeer om soveel moontlik die kinders van ouers wat nie aan ons Volksbeweging behoort nie, die noodsaaklikheid te laat sien dat ook hulle in hierdie sterk eg-Afrikaanse jeugbeweging tuishoort.

Deur u aktiewe belangstelling in, en ywer vir die versterking van die Boerejeug, kan ons as ouers nie net help om te verseker dat die stryd wat ons vandag stry, slaag nie maar ook dat daardie stryd in die toekoms deur bekwame, opgeleide en eensgesinde volksgenote enduit voorgedra sal word.

LICHTENBURG PRESTEER

Kommando E9a7 van die Lichtenburgse generaalskap het met die viering van Vryheidsdag £37-14-1 ingesamel. Die Gebiedsgeneraal wil graag kommandante Rossouw en haar brandwagte gelukwens met die prestasie van die kommando.

Pietersburg Bedrywig

PIETERSBURG: Die kommando's van Pietersburg het op die plaas van hfkomdt. J. J. Venter bymekaar gekom vir Vryheidsdagviering. Hfkomdt. Venter wat die verrigtinge gelei het, het hulde gebring aan die K.G., dr. J. F. van Rensburg wat die Ossewabrandwag deur die moeilike jare gelei het. Hy het ook gewys op die rotsvaste vertroue van die Brandwagte in hul leier.

Die O.B.-wag het 'n belangrike aandeel in die verrigtings geneem. Daar was ook 'n mooi fakkeloptog wat luister aan die verrigtings verleen het. Die verkopings het £40 opgelewer.

Op 9 April hou die brandwagte van hierdie afdeling 'n funksie aan die huis van mnr. D. Roets met die doel om fondse in te samel vir 'n blaasorkes. Die inisiatief hiervoor gaan uit van die O.B.-wag.

Stella Vier Fees

Ten spyte van die bittere droogte wat die land teister, het die Ossewabrandwag weer Amajubafees op Stella gevier.

Die opkoms was goed, as in aanmerking geneem word dat die lede baie ver moet ry om teenwoordig te wees.

Die vrouens en boerejeug het basaar gehou, en die mooi bedraggie van £50 is ingesamel. Daar was ook andersdenkendes wat die dag saam met die O.B.'s geniet het. Hoofkomdt. Jordaan was die hoofspreker van die dag; hy het op bekwame wyse die doel en strewe van die Ossewabrandwag uiteengesit. Die aand se verrigtinge is met skriflesing en gebed deur Oom Willie Mynhardt geopen. Generaal Grobbelaar, wat weer in ons midde was, het 'n besielende toespraak gehou. Na die vryheidsvlam aan brand gesteek is, is die feesgangers huis-toe.

Vryheidsdag Langs Die Oranjerivier

KAKAMAS: Kakamas het weer vanjaar 'n baie geslaagde Vryheidsdagviering gehou. Die belaaide tafels is gou-gou leeggekoop en die pragtige bedrag van £40 is opgelewer.

Hfkomdt. E. T. H. Smith, organiseerder, het in die aand besielend gepraat oor Klaagliedere 5, en ons volk met Israel vergelyk wie se mure afgebreek en dus weer opgebou moes word. Hy het uitgewei oor die vreemde sedes en gewoontes van oorsee waaraan ons so vaskleef en wat juis daarop gemik is om ons ons eie te laat vergeet.

FAKKELS

Daarna het hfkomdt. Smit die fakkeldraers gelei en die houtstapel aangesteek. Te oordeel na die gees wat daar geheers het, kon mens voel dat elkeen hom voorgeneem het om te stry en te ly tot ons gewen of verloor het.

Behalwe die Vryheidsvuur op die feesterrein was daar 'n hele paar ander groot vure op die hoogste koppe is die omgewing aangesteek, wat baie indrukwekkend was.

Ook sover as Onseepkans is Vryheidsdag gevier, terwyl ook die kommando's van Marchand en Rhenosterkop hulle deel bygedra het om Vryheidsdag langs die Oranjerivier tot 'n groot sukses te maak. (Kor.).

Vrugtefees Op Constantia

Die jaarlikse vrugtefees op die plaas Welgeleë, Constantia, onder leiding van komdte. mev. Lategan, het op Saterdag, 22 Maart, plaasgevind in die teenwoordigheid van baie vriende onder wie ook Engelse en H.N.P.'s gesien is. Advokaat J. de Vos het met 'n paar passende woorde die verkoop van druiwe en groente geopen. Binne 'n paar ure was die verkoop van die heerlike vrugte en groente afgesluit. Die fees kan as 'n mooi sukses beskou word, en die opbrengs was meer as £30, wat dubbel soveel is as verlede jaar. Die fondse gaan vir 8 Augustus.

INTEKENING OP „DIE O.B."

Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B." van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.

Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige intekenvorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.

INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B." tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM .....
(Blokletters)

POSADRES .....
.....

Datum ....
Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

Rantsoen-Fiasko Redding Vir Indiër-Handel

Die skema van voedselrantsoenering waaraan die regering byna een miljoen pond binne tien maande gespandeer het, is afgelas, aldus 'n aankondiging van die Minister van Finansies, mnr. J. H. Hofmeyr.

Die aankondiging het groot ontevredenheid in die geledere van die verbruikerspubliek wat nou reeds jarelank op die regverdige verdeling van skaars voedsel wag, veroorsaak, en die idee dat die regering nie tot enige goed in staat is nie, sterker by sy eie ondersteuners laat posvat. Oor die algemeen is tot die gevolgtrekking gekom dat die plan van die regering met hierdie skema maar net was om die ontevrede publiek met 'n versuikerde fopspeen te sus tot tyd en wyl hulle aan die voedsel tekort gewoond is.

Vroeg in Mei verlede jaar het die regering met sy eerste aankondiging oor die voedselrantsoenering voor die dag gekom nadat die Brit sir. Henry French die moontlikhede om voedsel te rantsoeneer ondersoek het. Van tyd tot tyd is die publiek in beroering gebring met verklarings in die pers, maar langsamerhand het dit duidelik geword dat die rantsoenering nooit in werking kan tree nie weens die tekort aan die nodige voorrade voedsel.

AMPTENARE REGISTREER NIE

Die aankondiging van die regering het maar net die seël gedruk op die verwagtings van die publiek dat die hele skema 'n klug is. **Trouens, amptenare wat aan die „rantsoenering" verbonde is, het verklaar dat hulle nie eens die moeite gedoen het om hulself te laat registreer nie omdat dit vir hulle duidelik was dat dit maar 'n halfhartige poging van die regering was wat nooit in werking kan tree sonder dat dit chaos sou veroorsaak nie.**

Die „verbetering van die voedseltoestand" — iets waarvan die verbruiker nog niks gemerk het nie — word as rede aangegee waarom die rantsoenering afgelas is.



Min. J. H. Hofmeyr

Seep is op die huidige stadium skaarser as tien maande gelede en ook skaarser as wat selfs meel en suiker verlede jaar was — die benodigdhede waarvoor die rantsoenskema juis begin is. Die Minister kom met 'n goedkoop belofte dat 'n poging aangewend sal word om die seepproduksie te verhoog, **maar na die reeks holle beloftes wat die berugte belofte van „30,000 huise per jaar" reeds gevolg en voorafgegaan het, skenk die publiek nie eens 'n tweede gedagte aan hierdie seeppraatjie nie.**

INDIËRS GERED

Die resultaat van die tien maande se rantsoen-arbeid is eenvoudig nul behalwe vir die geweldige uitgaaf en ontwrigting wat dit aan personeel teweeggebring het. Daar is nie eens oorgegaan tot die registrasie van klandisie by winkels nie — iets wat tog baie minder orgasisasie vereis het as die opname van individuele verbruikers. **In die praktyk beteken dit dus nou dat 'n onbeheerde en onberekenbare distribusie, hoofsaaklik gegrond op 'n beleid van voortrekkery, bly voortbestaan, en dat ook die Indiërhandelaars hul volle kwotas sal bly ontvang al het hulle naderhand geen klandisie meer nie. Hierdie voorrade sal òf op die swartmark kom òf die „rantsoene" van die oorgeblewe koeliklandisie buite verhouding met ander verbruikers laat toeneem. Inderdaad is hierdie aankondiging van min. Hofmeyr 'n redding vir die koeliehandelaar uit die greep van algemene boikot. Dit tref die boikot-beweging asof dit spesiaal daarvoor bedoel was.**

In hierdie lamlendige fiasko het die regering agter die rug van 'n uiters bekwame amptenaar in die persoon van dr. H. J. van Eck gaan wegkruip. Hierdie hoogstaande amptenaar is tot gek gemaak voor die hele Suid-Afrikaanse publiek, en die gramskap en spot van die volk moes hy verduur.


Natuurrampe Kos Engeland Al Soveel as Veroweringsoorlog

Volgens berekening het die skade deur oorstromings Brittanje tot verlede week reeds meer as 'n £100 miljoen gekos. Daarby bestaan die gevaar dat groot stukke landerye nie vir die volgende seisoen beplant sal kan word nie — daar is nog net drie weke tyd om te plant en baie landerye staan nog 'n paar voet onder water.

Afgesien van die oorstromings het Brittanje weens die koue en steenkool-moeilikhede van 'n paar weke gelede ook skade gely ten bedrae van meer as £100 miljoen, sodat die natuurrampe in 'n paar maande se tyd verantwoordelik was vir 'n bedrag gelykstaande aan wat dit Brittanje gekos het om die twee Boere-republieke te verower het.

Inmiddels is berig dat nuwe oorstromings oor die naweek plaasgevind het toe Lincolnshire tot 'n binnelandse meer omskep is. In Yorkshire het die Ouserivier Vrydag met 'n donderslag oor sy walle gebreek en vir hom 'n nuwe loop gebaan deur 'n dorp. Dit tref Brittanje se voedselposisie op 'n nuwe manier, daar 'n reusefabriek wat verantwoordelik is vir een-derde van die land se vetproduksie totaal oorstroom is en nie voor binne ses maande weer in volle werking sal kan wees nie.

Op ander plekke waar die waters teruggetrek het, staan die beskadigde huise met mure wat besig is om in te tuimel.



Tydens die geweldige oorstromings in Brittanje is tienduisende mense deur die vloedwaters uit hul huise gedryf en afgesny van alle voedselvoorrade. Polisie en afdelings van die leër moes ingryp en voedsel per boot na die vasgekeerdes bring. Die vloedwaters het meer as £100 miljoen skade aangerig.

De Wet-Kommando

Die *Christiaan de Wet-Kommando* hou hul maandelikse funksie op Saterdag, 5 April, in die Pawiljoen, Melkbosstrand. Die geselligheid begin om 8-uur n.m. Almal word hartlik uitgenooi om 'n genoeglike aand deur te bring.

Daar vertrek 'n vragmotor vanaf Brooklyn. Bel komdt. Lotz of komdt. Van Rooyen om reisplek te bespreek. (Tel. 5-4263).

Samewerking

HENDRINA. — Die aankondiging van samewerking tussen dr. Malan en oud.-min. N. C. Havenga word alhier in O.B.-kringe beskou as 'n oorwinning vir die K.G. en laat ons dink aan sy toespraak van 22 Maart 1945 te Stellenbosch. Onder die opskrif: „Afrikanergolf sal na bewind rol." Majubadag is streng volgens program gevier. Skriflesing is waargeneem deur oud-ouderling Willie Engelbrecht. Dit was 'n pragtige vuur, ver sigbaar vir vriend en vyand.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

Britse Geld Raak Al Vinniger Op

Brittanje is besig om steeds groter happe uit die Anglo-Amerikaanse dollar-lening te byt. Die jongste trekking van £50,000,000 is net mooi die helfte meer as die trekking wat veertien dae gelede gemaak is. Dit beteken dat Engeland binne nege maande £275 miljoen van die lening van £950 miljoen opgebruik het.

Britse amptenare voel veral besorg oor die feit dat Engeland hierdie geld nie produktief bestee nie, maar dit hoofsaaklik aanwend vir die koop van Amerikaanse tabak en aanvulling van die Britse voedselrantsoene. Die juiste manier van besteding, aldus hierdie manne, sou wees om die geld aan produktiewe goedere soos masjinerie ens., te bestee, sodat Engeland uit sy nood gehelp kan word.

Onderwysers Se Salarisse

Die Provinsiale Raad van Kaapland het die kerf-ver-kerf-stelsel vir die aanpassing van salarisse van onderwysers waarvoor in die afgelope maande geagiteer is, goedgekeur. Dit geld vir die salarisse van blanke sowel as nie-blanke onderwysers. Dit sal vanaf 1 April van krag wees.

SKOORSOEK

deur D. Stegman — — Prys 8/4 posvry

„In hierdie ou tranedale waarin een medemens besig is om soos gewonde bobbejane die ander se ingewande uit te pluk is daar al genoeg el'int. Dit is 'n onvergeeflike sonde om daar nog meer te wil inprop." — Die Skrywer.

NUUTSTE POPULÊRE WERKE

Kielblock, K.: *Adriaan Deneys.* 8/9 posvry.

Van den Berg, G.: *Skaduwees* 7/6 posvry.

Goethe: *Die Lyding van die Jonge Werther* (uit die Duits vertaal deur Fuchs) 8/- posvry.

Franz, G. H.: *Moeder Poulin* 9/6 posvry.

Schoeman, P. J. *Op die Groot Spore.* 8/9 posvry.

Neser, R.: *Oorkant die Brug.* 8/- posvry.

Roux, B. le.: *Fiskale van Zimbabwe,* 8/6 posvry.

Rompel, H.: *Die Spookleier.* 9/6 posvry.

Meiring, R.: *Die Geheim van die Berghaan.* 7/- posvry.

KINDERBOEKE

Smith, J.: *Mooiplaas se Voetbalspan.* 5/- posvry.

Botha, D.: *Die Bergkindjie.* 2/- posvry.

Spyri, J.: *Heidi, Deel I en II.* 7/6 elk posvry.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29 STELLENBOSCH